# Die skat in die onbreekbare kluis!

**Maandag 13 Junie 2022**

**Kol 1:5**

**5** "Hierdie **geloof en liefde** is gegrond op **die hoop** wat vir julle **in die hemel bewaar word** en waarvan julle reeds gehoor het toe die waarheid, die evangelie, aan julle verkondig is."

Ons bêre ons kosbaarste of duurste besittings gewoonlik in 'n kluis. In 'n kluis word juwele of geld bewaar. Elke bank en besigheid het 'n kluis waar die kontant of belangrike dokumente gebêre word.

In Kol 1:5 lees ons van **DIE HOOP** wat vir ons in die hemele bewaar word.

**Wat is hierdie hoop?**
Hierdie hoop dui op die ewige lewe by God!
Dit is 'n **SKAT** wat nie op aarde gebêre word waar mot en roes dit verniel en diewe inbreek en steel nie.

**Wat is die SKAT in die hemel?**
Jesus het aan die ryk jongman gesê in **Mark 10:21** "Jesus het na hom gekyk en hom liefgekry en vir hom gesê: "Net een ding kom jy kort. Gaan verkoop alles wat jy het, en gee die geld vir armes, en jy sal 'n skat in die hemel hê. Kom dan terug en volg My!"

Op 'n ander plek het Jesus gesê: **Mat 6:19** "Moenie vir julle skatte op aarde bymekaarmaak waar mot en roes dit verniel en waar diewe inbreek en dit steel nie. **20** Maak vir julle skatte in die hemel bymekaar, waar mot en roes dit nie verniel nie en waar diewe nie inbreek en dit steel nie."

Hierdie beteken nie dat ons al ons besittings moet verkoop en die ewige lewe moet verdien nie. Nee, Jesus Christus het vir ons die ewige lewe verdien en verwerf en gekoop toe Hy aan die kruis vir al ons sondes betaal het. In en deur Jesus Christus het ons die ewige lewe. Dit is net die ryke genade van God deur Jesus Christus wat vir ons hierdie **HOOP** in die hemel bewaar.

Maar uit dankbaarheid moet ons hierdie **HOOP** nie vir onsself hou nie. Die gemeente van Kolosse het dit met mekaar gedeel en dit uitgeleef. Paulus dank God omdat hy gehoor het van die gemeente se geloof in ons Here Jesus Christus en van hulle liefde vir alle gelowiges.

Hierdie geloof en liefde is gegrond op die Hoop wat in die hemele bewaar word.

Christelike hoop is nie blote wens nie. Dit is 'n vurige verlange, 'n sekere verwagting en 'n geduldige wag vir die vervulling van God se beloftes, 'n volle Christus-gesentreerde (Kol 1:27) versekering dat hierdie beloftes inderdaad verwesenlik sal word.

Dus het ons die beste geskenk in die hemele as 'n kluis wat vir ons bewaar word en dit is die ewige lewe by God. Wees daarom lief vir God en lief vir mekaar.

***Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595: gskruger1@gmail.com***